HOËRSKOOL OOS-MOOT

Swemhoogtepunte 2019

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE SWEMKAMPIOENSKAPPE 2019

Logan Truter (0/16) bou steeds voort op sy ongelooflike swemprestasies met die volgende praguitslae tydens die Suid-Afrikaanse Nasionale Junior Kampioenskappe (20 tot 24 Maart): 200m rugslag (2de), 50m rugslag (4de) en 100m rugslag (5de). Hy het ook aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Akwatiese Kampioenskappe (8 tot 12 April) deelgeneem. Sy prestasies plaas hom by hierdie kampioenskappe algeheel in die 4de plek van die Jeugafdeling en algeheel in die 25ste plek. (Die heel beste swemmers in die land neem aan hierdie kampioenskappe deel).

HOËRSKOOL OOS-MOOT

Swemhoogtepunte 2019

B-BOND INTERHOËR – 19 FEBRUARIE

Ons swemmers sluit die swemseisoen met goeie individuele prestasies af teen die volgende deelnemende hoërskole: Zwartkop, Afrikaans Hoër Seunsskool, Afrikaans Hoër Meisiesskool, Boys High, Girls High, Menlopark, Waterkloof, Montana, Curro Hazeldean, Woodhill College en Hatfield Christian Church. **Logan Truter (0/16)** – Tweede posisie op die SENIOR VICTOR LUDORUMLYS met eerste plekke in 50m Rugslag, 50m Vlinderslag en die derde plek in die 200m Individuele Wisselslag. **Corlia Botha (0/19)** – Sesde posisie op die SENIOR VICTRIX LUDORUMLYS met derde plekke in die 100m Vryslag en 50m Rugslag. **Werner Botha (0/19)** – Tweede plek in die 50m Borsslag.

Carlo Janse van Rensburg (0/15) – Agtste posisie op die JUNIOR VICTOR LUDORUMLYS met die derde plek in 50m Rugslag en 50m Vlinderslag.

Lesley John Viljoen (0/19) – Tweede plek in die 50m Vlinderslag en 3de plek in die 100m Vryslag. Ons seunsswemmers behaal die derde plek in die Ope Seuns 200m Wisselslagaflos. Die swemmers: Jubert Maritz, Werner Botha, Lesley John Viljoen en Jurgen Kasselman

Logan Truter | Corlia Botha | Werner Botha | Lesley John Viljoen | Carlo Jv Rensburg | Jurgen Kasselman | Jan Maritz

HOËRSKOOL OOS-MOOT

Swemhoogtepunte 2019

VRIENDSKAPLIKE GALA – 7 FEBRUARIE

Ons swemmers bou voort op hul prestasies tydens hierdie gala by Cornwall College met die volgende deelnemende A- en B-Bond hoërskole: Curro Hazeldean, Oos-Moot, Woodhill, Menlopark A, Cornwall, Southdowns A, Garsfontein en Montana.

Logan Truter (0/16) behaal die eerste plekke in 50m rugslag en 50m vlinderslag. Corlia Botha behaal die eerste plek in die 50m rugslag (Ope-afdeling) en derde plek in die 100m vryslag (Ope-afdeling). Lesley John Viljoen behaal die eerste plek in die 50m rugslag (Ope-afdeling) en Werner Botha die derde plek in 50m rugslag (Ope-afdeling).

Logan Truter

Corlia Botha

Lesley John Viljoen

Werner Botha

HOËRSKOOL OOS-MOOT

Swemhoogtepunte 2019

VRIENDSKAPLIEK LIGA – 25 JANUARIE

Ons swemseisoen het op 25 Januarie, afgeskop met 'n vriendskaplike gala by Woodhill College. Deelnemende A- en B-Bond Hoërskole was: Hatfield Christian Church, Woodhill College, Montana, Curro Hazeldean, Pretoria Boys High en Pretoria Girls High, Waterkloof, Oos-Moot, Midstream College en Zwartkops.

Corlia Botha behaal 'n eerste plek in die 50m Vryslag in die ope-afdeling vir dogters en Werner Botha die tweede plek in 50m

Corlia en Werner Botha

HOËRSKOOL OOS-MOOT

Oos-Moot se eie SA Skole Kampioenswemmer 2018

Logan Truter (Gr10) het op 11 Desember 2018, tydens die SA Skole Swemkampioenskappe sy swemseisoen op 'n ongelooflike hoogtepunt afgesluit met 4 goue medaljes (50m Rugslag, 200m Rugslag, Vryslag aflos, Wisselslag aflos), 2 nuwe rekords (Vryslag aflos en Wisselslag aflos), 1 silwermedalje met 'n nuwe rekord (deel die nuwe rekord) in die 100m Vlinderslag en 1 bronsmedalje in die 50m Vryslag.

Logan het op 27 Oktober 2018, die Gautengspan tydens dié OR Tambo Socini Social Cohesion Games verteenwoordig en SES GOUE MEDALJES verower (items: 100m vlinderslag, 100m rugslag, 100m vryslag, 50m vryslag, 50m rugslag en 200m rugslag). Logan neem in Desember 2018 aan die Suid-Afrikaanse Skole Kampioenskappe deel.